# Suiderstrandvereniging.

Beste Suiderstranders,

1. Embleem/Logo vir die Vereniging.
   Die Suiderstrandvereniging is tans op soek na n geskikte embleem/logo. Dit sal gebruik word as briefhoof, op inligtingstukke, kennisgewingborde, padtekens en op kledingstukke.
   U word vriendelik uitgenooi om voorstelle hiervoor te maak deur dit per epos te stuur aan suiderstrand.association@gmail.com voor 18 Junie 2024.
2. Optrede deur die Vereniging.
   U word verder uitgenooi om voorstelle te maak van waarby u glo die vereniging behoort betrokke te raak om ons gemeenskap te dien. Die Vereniging is u vereniging en u moet u opinie lug oor wat ons namens u behoort te doen. Die vereniging is tans betrokke by oa die volgende:
   - Brandbestryding,
   - Verwydering van indringerplante(2 Saterdae per maand) ,
   - Interaksie met Park oor ontsnappingsroetes en brandpaaie,
   - Interaksie met KAM oor nuwe beleid tov skoonmaak van persele, advertensieborde en spoedwalle en afvoerslote,
   - Skoonmaak van strand( een Saterdag per maand),
   - Gemeenskapsmark ( eerste Saterdag van die maand)
   - Aanmoediging om betrokke te raak by iNaturalist-inisiatief,
   - Inligtingsborde om noodtoestande te hanteer, bewaring aan te moedig en mense aan te moedig om stadiger te ry.

   Vir meer inligting kyk asb na www.suiderstrand.co.za.
3. Uitnodiging om lid te word.
   U word verder ook vriendelik uitgenooi om lid van ons Vereniging te word as u nie reeds een is nie. Lidmaatskapgeld is R150 pj .
   Ons glo dit is die beste wat u kan doen om u Suiderstrandbelange en -gemeenskap te beskerm en uit te bou. Skakel vir Anita by 0825564514 vir inligting om aan te sluit.

Groete,

Danie Schutte   083 272 0113